

13 Julie

Romeine 10:5-17 (NGB 29)

Kenmerke van die ware en valse kerk

Die stroomversnelling waarin ons leef het verskeie ankerpale van die verlede laat kantel. Opnuut besef jy die skrifwaarheid: Jou heil nie lê in politieke strukture nie. Jou tjekboek, ras, of volksverband hou geen sekuriteit in nie. So veroorsaak God dat baie mense weer erns met hul godsdienste maak, want die beproewings van die tyd is fel en straf. Dit laat die vraag: Watter kerk is die ware kerk? Die eerste kenmerk is waar die Woord suiwer volgens die Skrif verkondig word. Want die Heilige Gees gebruik die prediking om jou geloof te werk en te versterk. Toets dus of die prediking wat jy hoor God aan die Woord laat kom (1 Pet 4:11).

Waar God aan die Woord is moet die sakramente ook gevier word volgens sy voorskrifte. Want dit is sigbare tekens wat die Here in sy liefde gegee het om ons sigbare dinge vir ons af te beeld. Die kerk wat voorwaar aan God gehoorsaam wil wees sal ook die tug toepas volgens Christus se bevel (Matt 18:18). Want die Here tug die wat Hy liefhet (Heb. 12:4:12).

Hoe ken jy die lidmate van die ware kerk uit? Dis mense wat Christus as hul enigste Saligmaker aanvaar het, hul elke dag van die sonde bekeer en daarvan wegvlug om uit dankbaarheid liefde tot God en die naaste te bewys.

Is dit hoe jy lyk?

Sing: Psalm 93:1-4

Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)